Laerskool Lynnwood

Roderickweg, Lynnwood
Posbus 74929, Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 348 8894/1306
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za
www.lynnwoodlaer.co.za

KUNSTE AKADEMIE

18 Mei 2026

DANS: MODERN EN HIP HOP EKSAMENS & SKYNEKSAMENS 2026

Geagte ouer

Baie geluk met u kind se deelname aan die SABOD Modern- en Hip Hop-eksamen. Neem asseblief kennis van die onderstaande inligting rakende die skyneksamen en eksamen wat in Junie plaasvind.

1. DATUMS VAN EKSAMENS:

Skyneksamen: 5 en 6 Junie.

Medal eksamen: 19 en 20 Junie, asook 24 - 27 Junie.

Indien 'n danser moontlik gedurende enige van hierdie datums uitstedig sal wees, versoek ons dat juffrou Tasha asseblief voor 22 Mei hieroor gekontak word, sodat die finale skedules daarvolgens uitgewerk kan word.

2. LOKAAL:

Trinity Kerksaal – oorkant Laerskool Lynnwood.

3. EKSAMENKOSTES:

Modern	
Grade 1	R345
Grade 2	R375
Grade 3	R400
Grade 4	R440
Grade 6	R490
Grade 7	R530
Grade 8	R570

Hip Hop	
Step Up	R280
Get Down	R330
Level 1	R350
Level 3	R390
Level 8	R550

Maak asb. seker dat u dansfooie op datum is om te verseker dat u kind aan die eksamen kan deelneem.
Alle kostes vir die eksamens sal op u Ignite Dance Studio rekening gehef word.
Kostes vir eksamengelde moet asb voor of op 14 Junie 2026 volledig betaal wees.
Indien eksamengelde nie betaal is nie mag die leerling moontlik onttrek word.

Fooie is betaalbaar in Ignite Dance School se rekening:

FNB Tjek rekening nr: 6293 024 9166
Takkode: 252 045
Verwysing: Leerling voorletters & van + EKSAMEN

4. SKYNEKSAMENS: 5 en 6 Junie 2026

Lokaal: Trinity church
Die skyneksamen is verpligtend en uiters belangrik, aangesien die volledige verloop van die eksamen tydens hierdie sessie ingeoefen word ter voorbereiding vir die finale eksamen.
Korrekte eksamendrag, asook die voorgeskrewe haarstyl (sien uiteensetting onder punt 5), is verpligtend.
Hierdie datum is reeds aan die begin van die jaar in die inligtingsbrief deurgegee om te dagboek en word ook op die Ignite Dance Studio-webwerf se kalender aangedui.
Dansers moet asseblief 10-minute voor die aangeduide tyd gereed en opgewarm wees

Vrydag 5 Junie 2026

14:30 - 15:00	Grade 1 Modern
15:00 - 15:45	Grade 2 Modern
15:45 - 16:30	Grade 3 Modern
16:30 - 17:30	Grade 4 Modern
17:30 - 18:15	Grade 8 Modern

Saterdag 6 Junie 2026

09:15 - 10:00	Grade 6 Modern
12:45 - 13:20	Level 3 Hip-Hop
13:20 - 14:00	Step Up Hip-Hop
14:00 - 14:45	Level 1 Hip-Hop
14:45 - 15:15	Get Down
15:45 - 16:15	Level 8 Hip-Hop
17:15 – 18:00	Graad 7 Modern

5. DANSDRAG VIR EKSAMENS

5.1 Algemeen:

Geen onderklere mag uitsteek nie.
Geen grimering, naellak of juwele mag gedra word nie!

Bring asb ‘n sakkie met die volgende ekstra haarbenodighede:

- 4x haarrekkies dieselfde kleur as hare
- La Pebra haarjel / Haarsproei
- Eie haarborsel en kam
- 10 Bobby pins / 10 Haarnaalde (vir bolla)

5.2 Modern:

- Hare – netjiese lae bolla
- IDS Leotard met lang swart “tights”
- “Toe Caps” mag gedra word

5.3 Hip-Hop:

- Hare – netjiese lae poniestert
- Meisies: IDS Racerback top met lang swart (Level 7 en op dra swart cargo pants)
- Seuns: IDS T-hemp met gemaklike swart lang broek
- Wit tekkies (Geen ander kleur)
- Wit secret socks

6. SKEDULE VIR EKSAMENS

Eksamenskedules met die spesifieke dag en tyd vir elke danser sal binnekort voorsien word sodra die skedule gefinaliseer is.

Sterkte aan al ons dansers – ons weet julle het hard gewerk en getrou klasse bygewoon. Dit is nou die kans om hiervoor beloon te word!

Vriendelike groete
Juf. Nastasha le Roux,
Coach MJ Smit,
Juf. Clarissa Meyer
Ignitedancestudio07@gmail.com
067 402 1503